

LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK.

ALEXIN®

’N VLOEIBARE ORGANIESE-VOEDINGSKOMPLEKS WAT SALISIELSUUR BEVAT

PRODUK POSISIONERING

Gegewe die uitdaging van onvoorspelbare klimaatstoestande, kan gewasse nadelig geaffekteer word en die finansiële implikasies kan dikwels rampspoedig wees. AECI® Plant Health het met ’n oplossing vorendag gekom om die immuunreaksie van die plant te versterk en plantstres te bestuur om sodoende oesverliese te beperk en opbrengste te optimaliseer.

Alexin® is ’n natuurlike voedingskompleks wat salisielsuur bevat. Salisielsuur is ’n planthormoon wat die natuurlike weerstand van die plant te versterk deur sy eie verdedigingstelsel te aktiveer, wat “Sistemiese Verworwe Weerstand” (SAR) genoem word.

WAT IS SAR?

Sistemiese Verworwe Weerstand (SAR) is ‘n proses waartydens fitoalekisien in die plant geaktiveer word. Alexin® bevat koolhidrate om te verseker dat die voedingselemente in die korrekte oksidatiewe toestand is. Hierdie koolhidrate verskaf energie aan die plant vir beskerming teen biotiese faktore (soos plae en siektes) sowel as abiotiese faktore (soos droogte, ryp en hael). Alhoewel die weerstand van die plant geaktiveer word, word siektes nie direk beheer deur Alexin® nie. Wanneer ’n gewas fitotoksisiteit ervaar, kan Alexin® die gewas help om vinniger te herstel.

AKTIVEER • VERSNEL • VERSTERK

NuWay®

AECI® PLANT HEALTH

WAT MAAK ALEXIN® UNIEK?

Alexin® bevat ook Kalsium (Ca), Boor (B), Magnesium (Mg) en Kalium (K). Kalsium is baie belangrik vir seldeling en beheer beide plantmetabolisme en ontwikkeling. Kalsium versterk die selwandstruktuur en Boor verseker dat Kalsium aan selwande kleef. Boor bevorder ook die opname en beweging van Kalium, Magnesium en Kalsium in die plant, asook die beweging van suiker. Magnesium vorm die kern van die chlorofilmolekule en bevorder gesonde groengroei en fotosintese. Kalium aktiveer ensieme in die plant en verhoog suikervlakke. Hoër suikervlakke verhoog plantenergie (Brix), wat help om weerstand te verbeter.

'n Sleutelfunksie van Kalium is die regulering van die oop- en toemaak van huidmondjies, wat daardeur transpirasie-aktiwiteit beïnvloed.

HOE OM ALEXIN® TOE TE DIEN?

Alexin® kan vóór of na die stresgebeurtenis op enige gewas toegedien word. Wanneer dit voorkomend in 'n spuitprogram toegedien word, sal dit die kommunikasie tussen die plant en wortels verbeter en sodoende die energie van die plant verhoog en weerstand versterk. Alexin® is van kardinale belang om die reserwes van die plant te opimaliseer en stres te verlig tydens die hoë temperature gedurende November tot Januarie in Suid-Afrika. Kalium polifosfaat (Rappid® K) of Ammonium polifosfaat (Rappid®) kan ook saam met Alexin® toegedien word om energievlakke verder te verhoog. Voedingselemente word makliker opgeneem danksy die koolhidraat-tegnologie wat elemente komplekseer en in die opneembare oksidasietoestand hou.

Hierdie tegnologie stel ook die voedingselemente in staat om vrylik deur die plant te beweeg omdat dit geen netto-lading het nie. Die produk verhoog die immuunreaksie van die plant en stel die plant in staat om vinniger te herstel na strestoestande. Die potensiële verhoogde oes opbrengs is gelyk aan 'n hoër wins vir die boer.





Alexin® Reg. Nr. M510, Wet Nr. 36 van 1947

Samestelling:

Kalsium	(Ca)	24.1 g/kg	(30.12 g/ℓ)
Magnesium	(Mg)	7.0 g/kg	(8.75 g/ℓ)
Kalium	(K)	45.0 g/kg	(56.25 g/ℓ)
Boor	(B)	2.4 g/kg	(3.00 g/ℓ)

(Bevat 2.5% salisielsuur)
SG: 1.25 @ 20°C

GHS Gevaarverklarings:
- Veroorsaak ernstige oogirritasie.
- Kan vrugbaarheid beskadig.
- Kan die ongebore kind beskadig.



GEVAAR

Rappid®K Reg. Nr. K9566, Wet Nr. 36 van 1947
Rappid® Reg. Nr. K9404, Wet Nr. 36 van 1947
Nie geklasifiseer volgens GHS nie.

Registrasiehouer:
AECI® Beperk
Reg. Nr. 1924/002590/06
Posbus 14418 Witfield, 1467
14 Fieldweg (H/v Birdstraat Lilianton, 1459)
Tel: (011) 823-8000

Alexin® en **Rappid®** is die geregistreerde handelsmerke van AECI® Beperk.

AECI® Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619
T: +27 11 823 8000 **E:** planthealth@aeciworld.com **W:** aeciph.com

NuWay®

AECI® PLANT HEALTH